
JOHAN COETSEE jcoetsee@landbou.com



**PLAASINLIGTING**

**LIGGING**
Moorreesburg, Wes-Kaap

**NAAM**
Driehoopsvlei

**GROOTTE**
3 200 ha alles tesame

**EIENAARSKAP**
Boer in vennootskap met sy twee broers, Fredel en Ian Bester

**VERTAKKINGS**
Koring, skape en spekulasiebeeste

**WEIDING**
Alles aangeplante weiding: Medics, lupiene en mengsel van hawer en bitterlupiene

**GEMIDDELDE REËNVAL**
350 mm/jaar



# Lupiene 'sleutel tot sukses met skape'

Rasegte Merino- én Merino x Dohne-Merino-ooie vreet lustig aan die lupiene.

**Deur lupiene as normale en vaste weidingsgewas in sy weidingstelsel in te bring, asook die insluiting van Geelbek-Merino's in die kudde kon dié boerdery sy wolskaap-winsgewendheid drasties verbeter.**

'Ek beskou die lupienfaktor in die weidingstelsel as die sleutel tot sukses.'

**KORTOM**

- Die broers het van Merino's af wegbeweeg na Dohne-Merino's, maar die nuwe generasie Geelbek-Merino's se stapellengte en vrugbaarheid het hulle oortuig om net Merinoramme te gebruik.
- Lupiene, met die talle voordele wat dit bied, is die sleutel tot weidingsukses op die plaas.
- Die koringvertakking vind ook baat by lupiene, want dit bind stikstof in die grond en help met onkruidbestryding.

Sonder lupiene as 'n vaste komponent in sy weidingstelsel sou sy wolskaap-ooie en -lammers beslis moeiliker oorleef en gedy het. "Ek beskou die lupienfaktor in die weidingstelsel as die sleutel tot sukses," sê mnr. José Bester, een van drie Bester-broers wat in vennootskap op Driehoopsvlei, Moorreesburg, met wolskape en koring boer.

Die drie broers, Fredel, Ian en José, boer reeds sowat 15 jaar in vennootskap sedert hul pa, mnr. Derick Bester, in 1998 oorlede is. Elkeen is verantwoordelik vir 'n vertakking: Fredel behartig die saaiery, José die veevertakking en Ian die graanbemarking van die boerdery. Fredel en José het reeds sedert 1991 saam met hul pa geboer. Ian het in 1998 aangesluit nadat hy afgestudeer het.

Sowat tien jaar gelede is lupiene as 'n normale weidingewas in die weidingstelsel ingebring. Die resultate daarvan spreek vir hulself, meen die broers.

Die boerdery bestaan uit twee hoofvertakkings, naamlik koring en skape. Dit het ook 'n klein beesvertakking. Die beesvertakking bestaan hoofsaaklik uit kruisdiere waarmee gespekuleer word.

Hulle boer op sowat 3 200 ha, met 1 600 ha wat vir die skaapboerdery gebruik word.

Destyds het hulle met rasegte Merino's geboer, maar José het daardie tyd se taamlik plooierige Merino's bekyk en besluit om Dohne-Merino's in te bring. Hy het ook gevind Merinolammers groei swakker en hul speenpersentasie was beduidend swakker as dié van die Dohne's.

Die Merino's is uitgefaseer en in 'n stadium het hul kudde slegs uit Dohne's bestaan. "Die Dohne's het goed gepresteer, maar tog het ek deurentyd gevoel hulle kort ietsie ekstra wat wolproduksie betref."

In 2008 het Bester se pad gekruis met die sogenoemde nuwe generasie Geelbek-Merino's. Hy het besef dat hierdie knape anders was as die Merino's van die vroeë 1990's. Dieselfde jaar het hy 12 Geelbekramme van mnr. Stefan Naudé in die Oos-Kaap gekoop, hoofsaaklik met die doel om 'n beter stapellengte by die Dohne-ooie te probeer verkry. Dié ramme is op 'n proefbasis by 'n kudde van 400 Dohne-ooie gesit. "Die gedagte was dat as dit nie werk nie, verkoop ek bloot weer die ramme en gaan aan soos tevore," sê hy.

Maar omtrent dadelik het die Geelbek-faktor sy impak op die nageslag gewys. Die lammers wat gebore is, se wolstapellengte was feitlik dadelik beter, terwyl niks ingeboet is op die lampersentasie of lammergewigtoename nie.

"So goed het die eksperiment gewerk dat ek daar en dan besluit het om van toe af nét Geelbekramme by my ooie te gebruik."

Vandag, sowat drie jaar ná daardie besluit, bestaan die skaapboerdery uit sowat 3 000 Merino- en Dohne-Merino-ooie, waarvan sowat twee der-

des Dohne's is. Namate Dohneramme uitgeskot word, word hulle vervang deur Geelbekke. Vandag is daar feitlik geen Dohneramme op die plaas nie. Sowat 80 rasegte Geelbek-Merinoramme word in die "eerste" kudde van sowat 2 600 ooie gebruik, sê Bester.

Die skape op die plaas word verdeel in 'n eerste en 'n tweede kudde. Die "tweede" kudde bestaan uit Merino x Dohne-ooie wat deur Dormerramme gedek word. Die rede vir dié tweede kudde is dat die nageslag gemiddeld vroeër markgereed is as die ander kudde se lammers – tot 45 dae vroeër. Al daardie lammers word verkoop.

Tot dusver word alle ramme ingekoop. Dit is gehaltediere wat op stoetveeveilings onder die hamer kom, maar nie rekordpryse behaal nie en vir meer realistiese pryse verkoop word.

Bester sê hulle dink daaraan om in die toekoms hul eie ramme te teel, maar dit sal moet wag totdat al die diere rasegte Geelbekke is – moontlik binne vyf jaar, meen hy.

Die sowat 1 600 ha waarop met skape geboer word, is opgedeel in 50 kampe van sowat 35 ha elk. Die ooie in die twee kuddes is opgedeel in sewe groepe van sowat 400 diere elk, en hulle word in dié kampe geroteer. Kampe word visueel beoordeel voordat verskuiwings plaasvind.

Geen natuurlike weiding kom in enige kamp voor nie: Alle weiding is aangeplant. Dit bestaan uit medics, lupiene en 'n mengsel van hawer en bitterlupiene. Bitter- en soetlupiene word in aparte kampe gesaai, maar nie as mengsels nie, soos in die geval van die hawer en bitterlupiene wat eerste gesaai word. "Ons saai meer bitterlupiene, want soetlupiene is aanlokliker vir die wildemakoue wat dit ook graag vreet."

**Dit word op die volgende basis gevestig:**

- Die mengsel van hawer en bitterlupiene word jaarliks teen sowat 10 April gevestig, betyds vir die eerste winterreën. Dit is reg vir beweiding vanaf Junie en die skape wei tot middel Augustus daarop.
- Daarna gaan die skape oor na medics, waarop hulle tot middel Oktober loop.
- Dan volg skoon lupienweiding – "ons suksesfaktor", sê Bester. Die lupiene word jaarliks aan die begin van Junie gevestig in kampe wat daarvoor gespaar is. Die ooie word in Oktober en Desember daar gedek en hulle wei daarop tot einde Februarie.
- Vanaf einde Februarie tot Mei loop die ooie ▶




Die rede waarom bitterlupiene pleks van gewone of soetlupiene in die mengsel van hawer en lupiene gevestig word, is om te keer dat die skape nie nét die lupiene vreet nie.



LBW VRA ...

## JOSÉ BESTER

**WAT IS DIE GROOTSTE FOUT WAT JY IN JOU BOERDERY GEMAAK HET?**

Ek het Dorpers probeer infaseer in die boerdery as spekulasiediere, maar dit het nie gewerk nie. Dit het bloot die buurmanne kwaad gemaak omdat Dorpers hulle nie deur heinings laat keer nie. Die Dorpermanne moet hulle nie vervies nie, maar ek het gevind Dorpers loop vreeslik rond!

**WAT HET DIE GROOTSTE IMPAK OP JOU BOERDERY GEMAAK?**

Die infasering van Geelbek-Merino's in my boerdery. Dit is pragtige grootraamdiere met goeie wol en 'n uitstekende vleisfaktor.

**WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY AL GEKRY HET?**

Om genoeg grond te bekom om behoorlik te kan boer en uitbrei.

PLAASLEWE

## SKEER- EN LAMTYD



Die drie Bester-broers wat in vennootskap op Driehoopsvlei boer. Links is José, wat verantwoordelik is vir die wolskaap-vertakking, Ian (graanbemarking) en Fredel (koring en graan).

Namate die kudde "meer Merino raak", raak die wol se stapellengte langer en is dit nodig om meer gereeld te skeer.

Tans word gemiddeld 4 kg wol vanaf 'n Dohne x Merinokruisdier afgeskeer, en sowat 5 kg van die rasegte Merino's.

Die Bester-broers skakel dus nou om na 'n stelsel waar hulle twee keer per jaar skeer, pleks van drie keer in twee jaar. Met die nuwe stelsel word in Februarie en September geskeer.

"En natuurlik is dit nuttig vir kontantvloei," sê mnr. José Bester laggend.

Die huidige mikronsterkte is 20,5, maar die doel is om dit af te bring tot onder 20 mikron – hoofsaaklik deur meer fynwolramme in te bring.

Twee dek- en lamtye word ook op die plaas gevolg. Die eerste dektyd is in Oktober en dié lammers kom in Maart tot einde April aan. Die tweede dektyd is in Desember, waarna dié lammers ná middel Mei aankom. Die eenlinge wat Maart en April aankom, word op stoppellande geplaas, terwyl meerlinge in klein kampies geplaas word waar hulle onder meer oumansoutbos kry. Só word die bestuur vergemaklik.

Bester sê die lampersentasie die laaste paar jaar is gemiddeld 140 en die speenpersentasie is 130.

> 'So goed het die eksperiment gewerk dat ek daar en dan besluit het om van toe af nét Geelbekramme by my ooie te gebruik.'



BO: Mnr. José Bester en sy vrou, Nollie, saam met twee van hul drie kinders, Lize (7) en Derick (9). Die oudste dogter, Nelia (14), was nie beskikbaar toe die foto geneem is nie.

ONDER: 'n Trop jong Merino x Dohne-Merino-kruisooie van gemiddeld 16 maande oud op lupiene. Lupiene word as die sleutel tot sukses beskou in die boerdery.

Die normale praktyk onder kleinveeboere in die Wes-Kaap is om hul ooie op medics te laat dek, maar die probleem is dat medics teen Oktober tot Desember eintlik net droëmateriaal is met min voedingswaarde. Daarteenoor is lupiene se voedingswaarde aansienlik beter in daardie tyd.

op die koring-oesreste, wat die seisoen afsluit. Die nuwe seisoen begin dan weer met die mengsel van hawer en bitterlupiene in Junie.

- Verder hou lupiene ook 'n voordeel in vir die koringvertakking, deurdat dit baie stikstof in die grond bind. Dit maak onkruidbestryding ook makliker deurdat lupiene se vestigingstyd eers is nadat onkruid- en grasbestryding toegepas is.

Hoekom word skoon lupiene ingebring – iets wat nie normaalweg deur die meeste veeboere gedoen word nie – en hoekom in daardie spesifiek volgorde?

Bester sê hy beskou die praktyk om lupiene as 'n volwaardige weigewas in die weidingsprogram te betrek, as 'n skakel tot die sukses wat hulle met hul skaapvertakking behaal.

- Dit is die ideale gewas om ooie op te laat dek. Dit is 'n uitmuntende prikkelvoeding vir ooie wat gereed is om gedek te word. Die normale praktyk onder kleinveeboere in die Wes-Kaap is om hul ooie op medics te laat dek, maar die probleem is dat medics teen Oktober tot Desember eintlik net droëmateriaal is met min voedingswaarde. Daarteenoor is lupiene se voedingswaarde aansienlik beter in daardie tyd.
- Die peule – veral die pitte daarin – dra die ooie deur die somer. Hulle vreet dit van die grond af.
- Ook die lammers gedy op die lupienlande waarop hulle gespeen word. Die lupiene stimuleer hul groei baie, soveel so dat slaglammers reeds teen Desember jaarliks bemarkbaar is wanneer vleispryse tradisioneel hoog is.
- Dit bring koste ook af, want die ooie en lammers het op lupiene geen bykomende kondisielek of enige byvoeding nodig nie. "Ek vind die lupienfaktor in die weidingstelsel 'n kostebespaarder," meen hy.
- Die uitstekende kondisie van die diere op lupiene, asook hul dragtigheidspersentasie, dui onteenseglik dat lupiene "soos 'n bom" werk.

Wat byvoeding betref, kry die ooie wat in Mei lam, in Februarie 'n kondisielek. Lupienpitte word later in dieselfde lek ingemeng, wat die voedingswaarde daarvan drasties verhoog.

Dit is gevind dat namate die stoppellande opgevreet word, ooie en lammers die kondisielek toenemend vreet. Wanneer die lupienpitte bygemeng word, gedy die diere daarop ondanks die verminderende stoppelweiding.

Ooie wat in Maart lam, kry weer ses weke voor lamtyd 'n deurvloeiproteïenmengsel, wat bestaan uit mielies, lupiene en hooi.

"Ons maak ons eie hooi uit hawer, maar van volgende jaar af gaan ons ook begin om hooi van medics te maak. Dit bevat 'n hoë proteïenwaarde." **LBW**

